

16

BEJAARDES EN GESTREMDES

In die voetspore van Jesus

PRAKTYKLES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet dat baie mense moeilike omstandighede beleef.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet besef –

- dat daar altyd naby hulle mense in nood is; en
- dat hulle betrokke moet raak by die hantering van nood.

Gesindheid

Die kinders moet bereid wees om –

- hulp te verleen waar daar nood is.

Vaardigheid

Elke kind moet enige nood in hulle omgewing identifiseer en hulp gaan verleen.

MEER INLIGTING (Johannes 9: 1-3)

Bejaardes en gestremdes se grootste frustrasie is dat hulle nie soos normale mense behandel word nie. Baie maal word hulle nuuskierig aangegaap en kopskuddend bejammer. Die ergste is dat daar dikwels voor hulle oor hulle gepraat word – asof hulle nie daar is nie. Dis gewoonlik uit onkunde dat mense so onbedagsaam teenoor veral gestremdes optree. Dit is daardie *andersheid* van 'n gestremde persoon wat veroorsaak dat ons nie weet hoe om hulle te behandel nie.

Ons lees in Johannes 9: 1-3 dat die dissipels gemeen het die man wat blind gebore is, was besig om straf vir sy eie sonde of dié van sy ouers uit te dien. Jesus antwoord dat hy nie weens iemand se sonde gestraf word nie. Sy blindheid was deel van die gebroke wêreld waarin ons leef. Daar is baie mense met gebreke en gestremdhede. Sommige mense is so van geboorte

af. Miskien het sy ma iets gedoen tydens haar swangerskap, of iets het met haar gebeur dat haar kind met die een of ander gestremdheid gebore is. Ander mense was weer in ongelukke en is sodanig beseer dat hulle gestremd geraak het. Die feit is dat daar gestremdes en ou mense in die wêreld is. Party is gestremd deur ander se nalatigheid; ander deur toeval; ander is bloot net so gebore of het van nature oud geword. Dit is maar soos hierdie wêreld lyk.

Toe Jesus die blinde man gesond gemaak het en sê dit het gebeur sodat God se werke gedoen kan word, is God se werk nie in die eerste plek die blinde man wat weer kan sien nie, maar Jesus wat bekend kon word as die Verlosser uit dood en sonde. Oral waar siekte en gestremdhede en natuurrampe is, is mense nie noodwendig die sondebokke nie en God nie die bewerkder daarvan nie. Dit is deel van hierdie bedeling na die sondeval. Maar oral waar pyn en seer is, kom God mense te hulp en staan Hy hulle by, al is dit net om hulle krag te gee om hulle kruis te dra. Maar Hy stuur ons ook na hulle toe sodat sy liefdeswerk gedoen kan word, sodat ons hulle as sy verteenwoordigers kan bystaan en verligting kan bring – so word die werk van God gedoen. Ons is God se oë, sy hart en sy hande as ons nood raaksien, daardeur geraak word en hande uitsteek om verligting te bring en sy liefdeswerk te doen.

AANBIEDING

Jy het nodig:

- Die Bybel.

KOM ONS BEGIN

Open met gebed, en fokus spesifiek op die kinders se grootouers en ander bejaardes en gestremdes.

HET HULLE ONTHOU?

- Laat 'n paar kinders hulle gesin se konflikhanteringsreëls voorlees.
- Vind uit of hulle verstaan wat die doel van hierdie oefening was.
- Hulle bewys dat –
 - hulle omgee in hulle gesin;
 - hulle ouers hulle vertrou; en
 - hulle ouers besef hulle is besig om groot te word.
- Laat 'n paar kinders die teks uit Efesiërs 6: 1a en Efesiërs 6: 4a opsê: *Kinders, wees as gelowiges aan julle ouers gehoorsaam, want dit is wat die wet van God vereis... En vaders, moenie julle kinders so behandel dat hulle opstandig word nie, maar maak hulle groot met tug en vermaning soos die Here dit wil.*

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Alle mense het dieselfde basiese behoeftes: om aanvaar te word, liefgekry te word, om deel te wees van 'n groter gesin of familie. Dit gebeur soms dat bejaarde persone of persone met 'n liggaamlike of geestesongesteldheid verwaarloos, of nog erger, vergeet word.

IETS INTERESSANT

Dra die inhoud van MEER INLIGTING aan die kinders oor.

IETS BELANGRIK

Jesus het gekom om mense van gestremdhede en siektes te genees. Hy het veral gekom om almal van sonde en dood te bevry. Hy stuur elkeen van ons om in sy voetspore te volg deur gestremdes by te staan, vir siekes te bid, hulle te dokter en te ondersteun. Deur ons liefde moet sy liefde sigbaar word.

Daarom –

- moet ons soos Jesus lewe (1 Johannes 2: 6);
- moet ons soos Hy liefhê (Johannes 13: 23);
- moet ons soos Hy vergewe (Kolossense 3: 13);
- moet ons soos Hy barmhartig wees (Lukas 6: 36); en
- moet ons soos Hy genadig wees (Eksodus 22: 25-27).

Ons moet dus –

- met verantwoordelikheid lewe vir God en vir mekaar; en
- prakties betrokke raak.

IETS OM TE DOEN

Reël 'n vergadering vir jou klas saam met die kategesehoof, en oorweeg en doen die volgende:

Saam besluit julle – veral die kinders – wat in julle omgewing die beste is om te doen. Gee leiding aan die klas of die hele kategesegroep van graad R tot graad 11. Hier kan prakties hulp in lewende lywe gedoen word.

- 'n Besoek aan 'n tronk, ouetehuis, kindertehuis, kindersaal in 'n hospitaal, of 'n sokkombuis; samel geld in vir 'n rolstoel; gee hulp aan blindes; werk saam met die ATKV of Solidariteit; of onderneem 'n skoonmaakprojek.
- Die kinders maak kospakkies met koffie, tee, suiker en beskuit op vir gebruik deur bejaardes in tehuise.
- Die kinders bied aan om bejaardes wat onafhanklik woon, se tuine nat te lei, of in die tuin te werk (hier bring ons bejaardes en die natuur bymekaar).
- Hierdie kan 'n projek van die hele gemeente se kinders wees, onder leiding van die kategesehoof.

BY DIE HUIS

DOEN

Paulus gee in Romeine 12: 9-13 'n lys met voorbeelde van hoe ons met ander Christene in die liggaam moet saamleef. Laat die kinders die items hieronder merk waarin hulle voel hulle goed vaar.

- Opreg liefhê.
- Verafsku wat sleg is.
- Hou vas aan wat goed is.
- Betoon hartlike broederliefde aan mekaar.
- Bewys eerbied teenoor mekaar.
- Wees vir mekaar tot voorbeeld.
- Moenie in jou toewyding verslap nie.
- Wees altyd geesdriftig.
- Dien die Here.
- Verbly jou in die hoop.
- Staan vas in verdrukking.
- Volhard in gebed.
- Help die medegelowiges in hulle nood.
- Wees gasvry.

LEER

- Laat hulle Matteus 25: 37 en 45 gaan leer: *Here, wanneer het ons U honger gesien en U gevoed, of dors en U iets gegee om te drink? ⁴⁵En Hy sal hulle antwoord: ...Vir sover julle dit aan een van hierdie geringstes nie gedoen het nie, het julle dit aan My ook nie gedoen nie.*
- Met hierdie woorde bedoel die Here Jesus dat ons aan alle mense in nood hulp moet verleen.

AFSLUITING

Sluit af met gebed.